

# Vervoerbeleid vir Kosgangers / Transport Policy for Boarders

Die koshuispersoneel van HMS La Rochelle probeer om aan die vele versoeke van die 200 inwonende dogters te voldoen, maar 'n gebrek aan personeel en vervoermiddele maak dit nie altyd moontlik nie. Die volgende riglyne word gevolg:

1. Rig alle versoeke vooraf SKRIFTELIK [epos, faks, brief] aan die Koshuisbestuurder.
2. Mediese afspraak vir dokters, tandartse, fisioterapeute, hospitaal, ens. in die Paarl sal deur die personeel gekoördineer word. Dogters en/of ouers moet die afspraakkaartjies toon.
3. Kunsleerders (Gr 10 – 12) word vanaf Maandae tot Vrydae deur die Skoolpersoneel na die Jack Meyer Kunssentrum vervoer en in die middag teruggebring deur die Koshuispersoneel.
4. Private afspraak [haarbestellings, rylisse, privaatlesse, ens.] kan ongelukkig nie geakkommodeer word nie. Ouers moet self reëlings tref en die koshuis inlig.
5. Onderwysers, afrigters en koördineerders van buitemuurse aktiwiteite wat van koshuispersoneel gebruik wil maak, hetsy insake vervoer of toesig, moet die Superintendent van die koshuis kontak. Hierdie reëlings moet ten minste 'n week vooraf getref word.
6. Vervoer na en van busstoppe en lughawe voor naweke en vakansies:
  - ✓ Busstoppe in die Paarl: Reël vooraf met die Koshuisbestuurder sodat ritte gesinchroniseer kan word;
  - ✓ Busstoppe buite die Paarl: Reël 'n week vooraf met die Koshuisbestuurder. As gevolg van die afstande, is ons genoodsaak om die volgende tarief te vra: R50 per persoon per rigting. Die versoek sal slegs toegestaan word as die personeel sowel as die bussie beskikbaar is. Die skool se personeel kan ook gebruik word indien moontlik: Die Terreinbestuurder moet die beskikbaarheid bepaal en toestemming by die Skoolhoof verkry. Persone wat leerlinge in dié geval BUIITE werksure vervoer, sal vergoed word (diskresie berus by Skoolhoof).
  - ✓ Kaapstad Lughawe: Dieselfde reëlings geld as vir busstoppe buite die Paarl. Koste verander na R200 per persoon (retoer) indien slegs 1 leerder ry, en R150 per persoon indien 2 of meer leerders ry.